

HOE OM KREDIET EN LENINGS VERSTANDIG TE GEBRUIK



Ek wil 'n lening
aangaan om my huis
op te knap.

Wees versigtig,
want skuld kan jou
in die moeilikheid laat
beland. Spaar liever
vooruit vir iets wat jy
wil hê.

HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR





HOEKOM GAAN MENSE LENINGS AAN?

Mense kry lenings om dinge te betaal wat hulle nodig het, maar wat hulle nie kan bekostig nie. Dit is beter om geld te spaar en self te betaal vir enigiets wat jy nodig het, eerder as om geld te leen. Dit is egter nie altyd moontlik nie, bv. as jy 'n besigheid wil begin, 'n huis wil koop of vir opleiding wil betaal. Dit mag dus vir jou nodig wees om geld te leen. As jy die geld nie by familie of vriende kan leen nie, moet jy 'n lening by 'n besigheid aangaan. Op hierdie soort lening moet jy rente betaal.

Bedrag as lening ontvang	R100
Rente	R30
Totale terugbetaling	R130

WAT IS RENTE?

Rente is 'n bedrag wat jy betaal om ander mense se geld te mag gebruik. As 'n groentehandelaar jou 'n bedrag geld vir 20 dae leen, kan sy dié geld oor hierdie tydperk nie self gebruik nie. Sy kan dus nie hierdie geld gebruik om groente te koop en dit met 'n wins te verkoop nie. Sy sal rente vra om te vergoed vir hierdie verlies van 'n geleentheid om wins te maak. As sy jou R 100 leen, sal sy miskien R 30 rente vra, en jy sal haar altesame R 130 moet terugbetaal.



WAT IS KONTANTLENINGS OF MIKRO-LENINGS?

Kontantlenings is lenings van kommersiële mikro-leners. Dit is veral mense met werk in die formele ekonomie (formal jobs) wat sulke lenings kan kry. 'n Mens betaal baie hoë rente op dié lenings, en dit is beter om sonder dié lenings klaar te kom.


AS JY 'N MIKRO-LENING HET:

- Vind uit of die leningsmaatskappy by die Mikrofinansie-Regulasieraad (MFRC) geregistreer is. Hierdie organisasie maak seker dat leningsmaatskappye die wet gehoorsaam.
- Ken jou regte. Die leningsmaatskappy mag nie jou bankkaart en persoonlike kennummer (pin number) by jou afneem nie, ook nie jou persoonskaart of jou pensioenkaart nie. Dit is jou persoonlike eiendom wat altyd in jou besit moet bly.
- Hou die lening so klein as moontlik en betaal dit so gou moontlik terug.
- Maak seker dat jy verstaan hoeveel rente jy moet betaal, nie net as 'n persentasie nie, maar in rand en sent.
- Maak seker jy verstaan wat jou maandelikse paaieiment is, hoeveel paaieimente jy moet maak, en wanneer die paaieimente betaal moet word.
- Moenie nog 'n lening aangaan terwyl jy besig is om een lening af te betaal nie.



DIE BELANGRIKSTE RAAD IS:

- Vermy lenings, spaar liewer vooruit en koop later.
- Koop meubels en klere op bêtrepoop (laybye).
- As jy 'n lening het, betaal dit so vinnig moontlik terug - op dié manier bespaar jy geld op die rente.
- Betaal een rekening af voordat jy 'n nuwe rekening oopmaak.




WAT IS HUURKOOP?



Huurkoop werk soos 'n lening. 'n Besigheid soos 'n meubelwinkel of klerewinkel laat jou toe om goedere te koop, op voorwaarde dat jy die koopprys oor 'n sekere tydperk afbetaal. Die rente op huurkoop is baie hoog. As jy nie kan volhou met die afbetalings-paaieimente nie, kan die besigheid boonop die goedere terugvat. Dan verloor jy die goedere én die geld wat jy al afbetaal het. Boonop kan jou naam op 'n swartlys geplaas word.

As jy kontant koop, betaal jy minder as wanner jy huurkoop. Sê maar die kontantprys vir 'n yskas is R 2 500. As jy die yskas huurkoop, betaal jy maandelikese paaieimente van R 150 elk. As jy die yskas oor 'n tydperk van 36 maande afbetaal, kom die uiteindelikse koopprys te staan op R 5 400!



Kontantprys	Huurkoop	
Een paaieiment van R 2 500	Maandelikse paaieiment:	R 150
	Aantal paaieimente:	36
	Totale bedrag wat jy oor 36 maande betaal:	R 5 400



WAT KAN JY DOEN AS JY PROBLEME HET MET SKULD?

- Moenie nóg geld leen en nog meer skuld aangaan nie.
- Gaan praat met die mense vir wie jy geld skuld (jou skuldeisers) en tref reëlings om die lenings of skuld oor 'n langer tyd af te betaal. Maak seker dat jy by die reëling hou.
- Betaal elke maand 'n klein bedrag aan elke skuldeiser.
- **Vermý administratiewe bevel.** Dit is 'n hofbevel wat 'n prokureur toelaat om jou skuld te bestuur. As dit eenkeer gebeur het, sal jy sukkel om ooit weer krediet te kry. Boonop sal die prokureur wat die hofbevel toepas elke maand 'n deel van jou paaieiment as fooi vir homself terughou. Dit beteken dat dit vir jou langer sal neem om jou skuld af te betaal.
- **Vermý dit om op 'n swartlys geplaas te word.** As jy nie jou skuld afbetaal nie, kan die besigheid vir wie jy geld skuld, jou naam op 'n swartlys geplaas kry. Dit is 'n nasionale databasis wat ander maatskappye ook kan gebruik. As jy later weer probeer om 'n lening te kry, kan 'n besigheid kyk of jou naam op die swartlys verskyn voordat hulle jou 'n lening gee.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:



- Besparings en huishoudelike geldsake
- Hoe om jou munisipale rekening te lees
- Hoe om plaaslike belasting en diensheffings te verstaan



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987